# *GENERALE MISSIVE*

***Nuusbrief van die Stigting VOC 1/13***
***Newsletter of the VOC Foundation***

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.* Internet: http://www-voc-kaap.org E-pos: vocinfo@voc.org Skakel/*Contact*: Mnr B. de Vries (Lidmaatskap /*Membership)* Tel.: 021-851-3850. e-pos: boudewyn@mweb.co.za. Mnr C. Wessel (Finansies /*Finance*) tel: 082-377-1682.

---

*Welaen Vrunden!*

Die bestuurskomitee wens al ons lede ’n gelukkige en voorspoedige Nuwe Jaar toe. 2013 is ons agtiende bestaansjaar, en ’n vol bewaringsprogram lê voor. Ons werk aan agt projekte in verskillende stadiums van voltooiing. Samewerking, selfs eenvoudige skakeling, met die amptenary word moeilik, en in ’n omgewing waarin die gemeenskap kultuurbewaring in hulle sorg sal moet neem, is die hulp van elke reggesinde nodig.

**Algemene Jaarvergadering**. Ons 18de Algemene Jaarvergadering vind op 7 Februarie 2013 plaas. Aan die einde van hierdie *Generale Missive* is drie belangrike bylaes wat ons vroegtydig aan u stuur om te bestudeer, vir kommentaar indien nodig, om tyd te spaar by die A.J.V. Bring dit asseblief daarheen saam. Bring ook vriende wat in die VOC-tydperk belangstel en wat moontlik lede van hierdie Stigting wil word. Ons is ’n unieke vereniging wat nuttige, praktiese opvoedings- en bewaringswerk doen. Op die bestuurskomitee is steeds ’n vakature vir ’n notulesekretaris. Dit is ’n klein maar noodsaaklike taak, wat gewoonlik maar vier vergaderings per jaar behels, en ons vra dat mense vorentoe kom en hulle diens aanbied. Kom versterk die Stigting met u belangstellings en vaardighede. Dit is die ideale geleentheid om aktief by te dra tot erfenisbewaring en -opvoeding in die Wes-Kaap.

**Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering, 2013.**
Die 18de Algemene Jaarvergadering van die Stigting VOC vind plaas om **17:00** op **Donderdag, 7 Februarie 2013** in die Pasque de Chavonnes-saal in Kasteel de Goede Hoop, waar ons ook verlede jaar vergader het. Parkering: Gratis, tussen bastionne Leerdam en Oranje, uit Darlingstraat.)

**Agenda vir Algemene Jaarvergadering:, 2013**

1. Aankondigings.
2. Kennisgewing van bykomende sake (moet vóór vergadering met Voorsitter uitgeklaar word.)

3. Teenwoordig.
4. Kennisgewing van afwesigheid.
5. Notule van AJV, 2012. (Sien Bylae A.)
6. Voorsitter se Jaarverslag, 2012. (Sien Bylae B.)
7. Finansiële Verslag, 2012. (Sien Bylae C.)
8. Verkiesing van uitvoerende komitee. (Twee lede: Me. A. van Wyk (studieverpligtings) en dr T. Potgieter (verplasing na Pretoria) het uit die komitee bedank. Die oorblywende lede is gewillig om nog 'n termyn te dien. Vakature vir notule-sekretaris.
9. Projekte vir 2013. (Lede is welkom om gemotiveerde voorstelle vir goeie, nuttige kort- of langtermyn bewarings- en opvoedkundige projekte te maak, mits hulle bereid is om die leiding te neem om dit tot uitvoer te bring. As 'n voorstel aanvaar word, kan hulle op die uitvoerende komitee se steun staatmaak. Agt projekte is reeds onder hande (a) Stigtingsdag, jaarliks (b) Ms *Die VOC aan die Kaap* (c) Naamsverandering Rockview Dam na Dorha Dam. (d) Bewaring en replikasie van VOC-baken, Geelbeksfontein. (e) VOC-inligtingsborde in SAN Weskuspark. (f) Deproklamasie van s.g. Van Riebeeck-heining. (g) Meermin-model (h) Inligtingsborde in Kaapstad.(i) Uitstappies en lesings.
10. Bykomende Sake.
11. Gasspreker: Mnr C. van Wijk, Assistent-Direkteur, Erfenis Wes-Kaap. "*Erfenis Wes-Kaap se taak, en hoe Stigtng VOC daarmee behulpsaam kan wees.*"
12. Afsluiting.
13. Sosiaal en Heildronk: 'Huis van Oranje.'

Ons hoop om al ons lede by die Algemene Jaarvergadering te sien, om mnr Van Wijk te verwelkom. Dit is goed dat hy, 'n belangrike bewaringspersoon, ons daar in volle sterkte vind, om hom van ons krag en gesaghebbendheid te oortuig. Kom stel opbouende vrae en maak goeie voorstelle aan hom, wat hom met ons belangstelling in kultuurbewaring sal beindruk. Dra asseblief u VOC-lapelspeld en 'n naamplaat. Nadat die Voorsitter die vergadering sluit, verdaag ons vir 'n sosiale halfuurtjie; so gou as almal gereed is sal hy die gebruiklike heildronk instel: '*Huis van Oranje!'* Dit is nie nodig om dié keer iets vir die heildronk saam te bring nie, want die volgende borge maak dit moontlik: **De Oude Compagniespost, Lourensford-landgoed, Asara Kelder, Etienne Leriche.** Ondersteun hulle asseblief, soos hulle ons Stigting help.

**Toer na die Suid-Kaapse buiteposte.**
Soos in die vorige *Generale Missive* bekend gemaak, gaan ons die gewese buiteposte Mossel Baaij, Houteniquasland en Plettenbergs Baaij besoek, van Maandag 15 April – Woensdag 17April vanjaar. Al drie is geleë langs die beroemde Tuinroete, een van die Kaap se natuurlike sierade, daarom huur ons 'n luukse bus met groot, groot vensters. Vir toergangers wat 'n hotelkamer met 'n ander deel, kos dit R 2100 per persoon. Vir die wat enkelkamers verkies, is die prys R 2500. Daar is nog ongeveer tien plekke oor op die bus, maar die wat laat registreer plaas ons op 'n waglys. Die prys sluit in: vervoer, oggend-, middag- en aandete, toegang tot terreine en hotelverblyf. Ons slaap op Mosselbaai en

Plettenbergbaai. Ons jaarlikse dinee vind plaas op die Dinsdagaand, op Plettenbergbaai. Ander verversings onderweg is vir eie rekening, soos vorige kere.

Elke bespreekte toerganger sal 'n vrywaringsvorm en 'n kaart van die parkeer-omgewing gestuur word (hoe om daar te kom), om ons motors drie dae lank gratis in beveiligde gebied agter die Kasteel te laat. Hierdie vorms moet **voor Donderdag 11 April** aan my terug besorg word om dit die Vrydag in die Kasteel te laat verwerk. Hier is die program: Enkele punte (*) moet nog bevestig word.

Maandag 15: Vergader om 07:00 by Kasteel se agterhek, waar bus wag. Lees monsterrol. Verwelkoming. Deel toerboeke uit. Vertrek om 07:30. Laai Somerset-Wessers op by Somerset Mall / Hal (parkeer voor Pick & Pay, Ingang 1) Middagete Buffeljagtsrivier. Mosselbaai, besoek toneel van VOC-buitepos, die fontein, posboom, herboude graanskuur, Dias Museum, Vlermuisgrot. Verblyf Point Village Hotel. Aandete Defino's.

Dinsdag 16: Ontbyt 07:00-08:00, Defino's. Monsterrol. 09:30 vertrek na George. Besoek twee moontlike standplase van die VOC-buitepos. Oggendsopie. George Museum en Van de Graaff-baken. 12:30 middagete by Botaniese Tuin. 13:30 vertrek, ry deur Knysnabos en Tsitsikammabos tot Plettenbergbaai. Besoek VOC-buitepos, VOC-houtstoor en Van Plettenberg se baken. Verblyf Crescent Hotel. Jaarlikse dinee (drag deftig) waarskynlik by Beacon Isle Hotel, op die see.* Gasspreker, lid van Plettenbergbaai se Historiese Vereniging.*

Woensdag 17: Ontbyt om 07:30. Vertrek huis toe. 11:30 middagete Mosselbaai. Besoek Fransmanshoek. (Wie was al <u>daar?</u>) 15:00 Gedenkteken buitepos Rietvallei aan de Buffelsjagtrivier. 15:30 Kort stop by Buffelsjagt-padkafee. Stuur hoed rond vir fooitjie vir ons drywer. 17:30 Somerset Mall. 18:30 arriveer Kasteel. Bedank en oorhandig fooi. Groet.

Hiermee 'n woord van dank namens ons Stigting aan kollegas Helena Scheffler en Wium van Zyl vir hulle deeglike verkenningswerk en noukeurige beplanning van die toer.

**Uit die Argief:**
* Die blommeskip: Van al die soorte skepe waarmee Jan Kompanjie se personeel te doen gekry het, was die sogenaamde blommeskepe op die Pêrelrivier by Kanton seker die vreemdste van voorkoms. Skipper Jan de With, skipper van *Leiden* en kommandeur van die retoervloot, het in 1746 hierdie model (75cm lank, 27cm breed en 55cm hoog) as soewenier saamgebring en by sy huis in Ouenkerk uitgestal. Dit is geheel van ivoor gemaak. Die model het verskeie geslote en oop vertrekke, deels gemeubileer, en 'n aantal lanterns. Roeiers staan op die dek. Die blommeskepe was drywende bordele. [J.R.Bruijn: *Schippers van de VOC in de 18de eeu aan wal en op zee*, p.88.]

***PIET KAN JY ASB. DIE MOOI FOTO UIT DIE BOEK HIER INSKANDEER?]**

*Volgorde van die voorbidding.
In sy oorsese gebiede het die Kompanjie predikante aangestel, verplaas, besoldig, betig, afgedank en vir openbare sedes aanspreeklik gehou. Hulle is voorgeskrewe gebede gegee om vir die welvaart van die Kompanjie en die van sy direkteure te bid. In 1752 is die korrekte volgorde van voorbidding ook uit Amsterdam aan sy 104 regerings van die Kaap tot Japan voorgeskryf: eers die State-generaal, dan die driejarige prins Willem van Oranje en Nassau (die latere Willem V) en sy moeder die regentes, dan Here XVII, dan die Goewerneur-generaal en Raad van Indië, daarna die plaaslike Goewerneur / kommandeur / opperhoof en Politieke Raad. My afleiding is dat dit as ’n les vir die gemeente bedoel is, om alle gedagtes aan vryheid uit hulle koppe te dryf. [C130 Resolusies van die Politieke Raad, 4 April 1752.]

*Wat die bewaring van openbare sedes betref, beskou die geval van Johanna Roelofsz:
Die Kaapse kerkraad het soveel klagtes oor Johanna Roelofsz gekry dat dit haar in November 1778 oor haar ‘*ligtvaardig en slegt gedrag*’ berispe en teen 4 ryksdalers per maand by die ongetroude susters Colyn ‘bestee’ het, waar sy onder streng toesig sou wees. (Die kerkraad betaal die susters om haar in diens te neem en te huisves.) Sy het daar weggeloop, maar die kerkraad het haar opgespoor, by goewerneur Van Plettenberg verlof gekry om ’n blok en ketting aan haar been te sit, en so is sy terug na die susters Colyn. [M. M. Marais: *Armesorg aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795*. Argiefjaarboek, 1943, p. 26.]

**Was Napoleon keiser van die Kaap?** Die probleem is in die vorige nuusbrief gestel, en as ek eerste mag wees om ’n oplossing voor te stel, sal ek waag om te sê: Nee. Volg die kronologie:

Op 4 Maart 1795 bring die State-generaal die Bataafse Republiek tot stand, onthef Nederlanders tuis en in oorsese kolonies van hulle eed van trou aan prins Willem V en verklaar ’n militêre alliansie met Frankryk.

Op 8 Januarie 1806 veg 240 Franse matrose van die skip *Atalante* as geallieerdes in die Bataafse linie by Blaauwberg teen die Engelse. Die slag word verloor, en <u>die Kaap is nie meer Hollands nie</u>.

Later in 1806 (kan iemand dag en datum voorsien?) skep Napoleon die vasaalstaat ‘Koninkryk van Holland,’ met sy broer Louis Buoneparte as koning Lodewyk I. Die *‘Royaume Hollandaise’* duur tot 1810, toe Napoleon dit by sy keiserryk inlyf.

Gevolgtrekking: Kapenaars het onderdaanskap van keiser Napoleon met omtrent vier jaar misgeloop. Ander menings is welkom.

**Catzenellenbogen.** Mev Rausch van die Kasteel-personeel was so vriendelik om nog navorsing oor die herkoms van bastion Catzenellenbogen se naam te doen. Sy vind op Wikipedia dat daar nog ’n dorp met die naam en die kasteel van die gewese hertogdom Katzenelnbogen in Duitsland bestaan. Daar is ook ’n foto van die kasteel by. Hulle verklaring van die naam verskil effens van die wat ons verlede keer gepubliseer het. Die

Romeine het dit *Cattimelibocus* genoem, die Chatti was die oer-Germane van die streek, en Melibocus die hoogland. Dus: 'die Chatti se gebergte.' Algaande leert men. Maar ek verskil soms van Wikipedia. 'Melibocus' is geen Latyn nie. Dalk '*meliboeus,*' mense wat beeste aanhou, beeswagters, beesboere? <u>(Die 'o' en 'e' moet aanmekaar geskryf word maar my tikmasjien weet nie hoe nie.)</u>

**Nuwe boek oor die VOC-Kaap:**
*I.S.Glass: Nicolas-Louis De la Caille, Astronomer and Geodesist.* O.U.P., 2013.
Die eeu van wetenskap het vir die Kaap tydens Ryk Tulbagh se goewerneurskap aangebreek en die regte man aan bewind gevind. Op versoek van Prins Willem van Oranje en Nassau het die Kompanjie se ekwipasiemeester 'n sterrewag vir La Caille langs die groot Ekwipasiewerf opgerig, in die agterplaas van J.L. Bestbier by Seestraat 2. Bestbier was een van die Kompanjie se vleispagters, met 'n weiplaas in die Slagtersveld, en La Caille het die jare 1751-1753 by hom deurgebring. Hier het hy die eerste teleskopiese opname van die suidelike naghemel gemaak en aan vele konstellasies die name gegee wat hulle vandag nog dra. Hy het die planete se bane gemeet en hulle afstande van die aarde, ook die van die son en maan, met driehoeksmeting bepaal. Ook het hy 'n opspraakwekkende waarneming van die aarde se deursnit gemaak wat bewys het dat dit effens peervormig is, en 'n metode van sterrepeilings ontwerp om die lengtegraad op see vas te stel. As waarnemer-sterrekundige het hy Newton se denke oor die meganika van die hemelruim en die aarde se vorm gevolg, en het data verskaf aan die groot agtiende eeuse wiskundiges om die komplekse werking van een hemelliggaam se swaartekrag op 'n ander (soos Halley se komeet) te ontrafel. Hy het Tafelberg se hoogte gemeet, en die verskil tussen hoog-en laaggety in Roggebaai op een meter vasgestel. Meer aardse observasies is sy vele waarnemings oor die Kaap en sy mense, die daaglikse lewe, die burgers, inboorlinge, klimaat, plantegroei, diere- en seelewe, en het per ossewa deur die Groene Cloof en Sandveld gereis om geodetiese bakens te plant wat nou nog bestaan. Alles uiters interessant beskryf en geïllustreer, en 'n nuttige aanvulling tot ons kennis van die Kompanjietyd en ons VOC-biblioteek. Dr Glass is 'n sterrekundige by die S.A. Sterrewag in Observatory en adjunk-professor van die James Cook Universiteit.

**Ledegeld.** Dankie aan al ons lede wat hulle ledegeld getrou en ook vroeg betaal. Dit vergemaklik ons Tesourier se boekhouding aansienlik. Die Tesourier vra dat die wat kan hulle ledegeld elektronies inbetaal (ABSA 9258840691.) Spesiale dank aan u wat verlede jaar vrywillige donasies ingesluit het, ook vir ons *Meermin*-model. Dit is altyd welkom; die Stigting het dit nodig en dit word baie waardeer. Die komitee vind dit onnodig om die ledegeld vir vanjaar te verhoog, en dit bly steeds van die laagste jaarlikse ledegeld vir 'n bewaringsinstansie soos ons s'n. Vul asseblief die besonderhede in op die vormpie wat u aan die einde van dié Nuusbrief vind, en bring dit met u ledegeld saam na die AJV op 7 Februarie. Die Tesourier sal vroeg by die AJV met sy kwitansieboek te vind wees, gereed om ledegeld te ontvang en ons lapelspeldjies aan lede te verkoop. (R70 elk). Dit is die ideale geleentheid; betaal die man eenmaal en klaar. Ons onaktiewe lede kan hul ledegeld beskou as 'n waardevolle bydrae tot erfenisbewaring. Intussen gaan ons voort om, na

twee persoonlike aanmanings, name van lede wat agterstallig raak van ons adreslys te verwyder.

*Behouwde Vaert*

D.SLEIGH (Redakteur)

24 Januarie 2013

---

**LEDEGELD 2013 STIGTING VOC LEDEGELD 2013**

Aan: Die Tesourier, Stigting VOC, Op den Akker, Upper Mountainweg, Somerset-Wes, 7130.

Naam:……………………………………………………………………………………
Adres: ……………………………………………………………………………………
……………………………………………………………………………………..
……………………………………………………………………………………….
Telefoon: ………………………………………
Selfoon: ………………………………………
e-pos: ………………………………………

Bedrag ingesluit:
R………………..Ledegeld 2012. [R90]
R…………….. Ledegeld 2013. [R90]
R………………..Vrywillige donasie.

---

***BYLAE A:***

NOTULE VAN DIE SEWENTIENDE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE STIGTING VOC, om 17: 00 op Donderdag, 16 Februarie 2012 in die De Chavonnes Saal, Kasteel de Goede Hoop.

3. Aankondigings: Die voorsitter verwelkom die lede en hulle gaste. 'n Spesiale verwelkoming word aan die besoekende Jonkheer regter A. W. Beelaerts van Blokland, van Den Haag gerig. Jhr Beelaerts van Blokland het historiese familiebande met Suid-Afrika. Sy voorvader het die Bataafse Republiek onder goewerneur Janssens gedien en was daarna Sekretaris van Justisie aan die Kaap tot 1817. Sy huis was in Strandstraat. In diens van die ZAR het 'n nakomeling die

Driemanskap in 1881 as sekretaris na Engeland vergesel om hul onafhanklikheid te eis, en het daarna die ZAR oorsee as diplomaat verteenwoordig. Die familie het toe na Nederland teruggekeer, en is genooi na die Voortrekker-herdenking (1939) en die Van Riebeeck-herdenking (1952) om kranse te lê.

4. Kennisgewing van bykomende sake: Vise-voorsitter H. Scheffler sal inligting gee oor Naamborde. Komiteelid P. Westra sal inligting gee oor *Meermin*-projek.
3. Teenwoordig: 31 lede en gaste**.**
4. Verskoning vir Afwesigheid: 8 lede.

5. Gasspreker: Die Voorsitter stel die gasspreker, mnr Ebrahim Rhoda voor. Mnr Rhoda se onderwerp is "Die ontstaan van die Muslim-gemeenskap in die Strand in die Negentiende Eeu." Dr. N. Walters bedank die spreker vir 'n interessante, goed-geillustreerde en leersame toespraak. Hy stel ook mnr Rhoda se twee boeke oor die onderwerp bekend. Vise-voorsitter H. Scheffler **oorhandig 'n geskenk van <u>xx</u> namens die Stigting aan hom.**

6. Notule van A.J.V., 2011: Aanvaar. (Voorstel: N. Walters. Sekondant: P.Westra)
7. Voorsitter se verslag, 2011: Aanvaar.(Voorstel: J. Truter. Sekondant: P. Westra.)
10. Finansiële verslag, 2011: Aanvaar. (Voorstel: J. Truter. Sekondant: P. Westra.)
11. Verkiesing van Uitvoerende Komitee: Vakature a.g.v. bedanking van lid F. de Bruin. Voorstel dat mnr Carl Frederick August Wessel, ID nr. 5203205123081 die nuwe tesourier sal wees in die plek van Boudewijn de Vries en dat tekenregte op die ABSA-spaarekening en ABSA-belegging voortaan sal berus by mnr C.F.A. Wessel, voorsitter prof. J.L. Hattingh en die uittredende penniningmeester B. de Vries. (Voorstel: E.B. de Vries. Sekondant: A.S de Vries.) Algemeen aanvaar. Die oorblywende lede is gewillig om nog 'n termyn te dien. Vakature vir notule-sekretaris: Geen nominasies. Voorstel dat bestaande komitee herkies word. (Voorstel: J. Visagie. Sekondant: E. Rhoda. **Leon is hy lid, mag hy sekondeer?**) Met algemene instemming aanvaar. Die Komitee bestaan nou uit: Prof. J. L. Hattingh (Voors.) dr H. Scheffler (Vise-voors., Silwer Medalje; Maritiem), dr D. Sleigh (Sekretaris, Nuusbrief), mnr B. de Vries (Lede-sekretaris) mnr C. Wessel (Tesourier), dr C. de Wet (Akademies), mnr P.E.Westra, (Media), mnr L. Gadezweni, me. A. van Wyk, dr T. Potgieter, dr. N. Walters. Portefeuljes sal by die eerste komiteevergadering aan nuwe lede toegeken word. Dr H. Scheffler (Vise-voorsitter) bedank voorsitter L. Hattingh en die Komiteelede vir hulle werk die afgelope jaar.
10. Voorgestelde bewaringsprojekte vir 2012: Die volgende is reeds onder hande:
    (a) **Stigtingsdag**: 'n Program in samewerking met die Kasteel en Regiment W.P neem vorm aan.
    (b)**Rietvallei gedenksteen:** Sal in komende jaar voltooi en betaal word.
    (c)**Gedenkteken VOC-Koina Oorlog, 1659.** Die bestuur het met die Kaapse stadsraad geskakel oor 'n waardige gedenkteken vir die eerste VOC-Koina oorlog om beheer oor die Liesbeekvallei. Die betrokke raadslid se reaksie was entoesiasties, en wanneer goedkeuring gekry word sal die skakeling met inheemse

groepe wat met die Skiereilandse Koina assosieer (Gorachoqua, Goringhaiqua, Goringhaicona) asook gesprekke oor befondsing, ontwerp, ens. begin.

(d) **Ms *Die VOC aan die Kaap:*** Dr de Wet berig dat vier hoofstukke nog uitstaande is, waarvan twee amper klaar is. Daarna sal prof. G. Schutte die oorsigtelike slothoofstuk skryf. (Lid J.Visagie stel 'n mosie van dank voor aan komiteelid C. de Wet as hoofredakteur. Met algemene instemming aanvaar.)

(e) **Voorgestelde naamsverandering:** Rockview Dam na Dorha Dam. die volledige dokumentasie hieroor is in Oktober 2010 in die Dept. van Waterwese (Bellville) se hande. (Komiteelid N. Walters sal dit opvolg.)

(f) **Bewaring en replikasie VOC -baken,** Geelbeksfontein: 'n Afspraak vir 'n ontmoeting is met die nuutaangestelde SANPark-amptenaar gemaak. Kommer word uitgespreek oor die veiligheid van die artefakt in die herdershut soos deur Vriende van SANParke voorgestel. (D. Sleigh sal opvolg.)

(g) **Deproklamasie van sg. Van Riebeeck-heining**: D. Sleigh sal gesprek met SAEHA en Erfenis Wes-kaap voortsit. 'n Lid wat anoniem wil bly bied aan om 'n verbeterde inligtingsbord i.p.v. die bestaande te borg, indien nodig.

(h) **Uitstappies / Groepbesoeke**: Die volgende word vir vanjaar beplan, na plase met VOC-geskiedenis en interessante argitektuur:

* *Vergelegen.*(D.Sleigh)
* *Meerlust.* (D. Sleigh)
* *Babylons Toren.* (P.Westra)
* *Vissershok* (N. Walters)
* Prof . Giliomee oor die Bataafse Tyd aan die Kaap. (L. Hattingh.)
* Kramat van Tuan Yusuf.
* Drie dae bustoer na buiteposte Mosselbaai, Outeniqualand en Plettenbergsbaai is onder oorweging. Lid W. van Zyl se hulp is nodig. (D. Sleigh.)

11. Bykomende Sake: Kennisgewing van gesprek met Stadsraad oor stedelike inligtingsborde deur vise-voorsitter H. Scheffler en beskrywing deur komiteelid P. Westra oor vordering met *Meermin*-bouprojek. R20 000 is reeds versamel.)

12. Afsluiting. Die Voorsitter bedank lede N. Walters vir diskette met Generale Missives, A. van Wyk vir voorbereiding van verversings, L. Gadezweni en kaptein F. Morkel vir die lokaal. Hy versoek lede om hulle ledegeld by die geleentheid te betaal, en die Stigting se lapelspeldjie aan te skaf. Hy bedank lede vir hulle vrywillige bydraes, en die volgende borge vir skenkings van wyn: **De Oude Compagniespost, Lourensford landgoed, Asara Kelder, Etienne Leriche.**

13. Sosiaal en Heildronk: "*Huis van Oranje*!"

…………………………

J.L. HATTINGH (Prof.)

VOORSITTER

…………………………
D. SLEIGH (Dr.)
SEKRETARIS

7 Februarie 2013
DATUM:

**BYLAE B*:* Voorsittersverslag hier in (Leon voorsien aan Piet):**

**BYLAE C: Finansiële jaarverslag hier in: (Calla voorsien aan Piet)**